

# Nóg 'n man beroof op Bfn se stortingsterrein

**André Damons**

Nog 'n man van Bloemfontein is vandeeweek op die suidelike stortingsterrein van die stad aangeval en beroof toe hy sy vullis weggooi.

Dit is die derde persoon wat vandeemaand by dié stortingsterrein aangeval en beroof is.

Johan van der Walt (45), 'n nutsman van Wilgehof, is die jongste slagoffer van die ashoop-rowers en is van duur toerusting en 'n selfoon beroof.

Verlede week is DC Litch (21) en Christopel Motseki (27) ook op die suidelike stortingsterrein deur drie mense aangeval en van 'n selfoon beroof.

Die aanvalle kom nadat die polisie hul teenwoordigheid op die vullishoop vergroot het.

Van der Walt sê hy het Woensdag omstreeks 14:30 pas by die stortingsterrein ingery toe verskeie mense op sy bakkie spring. "Ek het gestop en hulle van die bakkie afgejaag, maar toe ek weer terug in die bakkie klim en verder ry, was hulle net weer op die bakkie. Hulle het my hoekslyper, sweismasjien, *toolboks* en nuwe selfoon gevat. Hulle het in alle rigtings weggehardloop."

Volgens hom het die veiligheids-wagte van die stortingsterrein in 'n groep gestaan en gesels en toe hy hulle later van die voorval inlig, het hulle net die polisie gebel.

"Die veiligheids-wagte doen niks nie. Hulle het nie eens probeer om na die mense te gaan soek nie. Die polisie het gekom en op 'n deel van die asgat na die mans gesoek, maar kon niemand kry nie. Ek is hartseer oor my goed wat weg is.

My selfoonkontrak is 'n maand oud. Dit gaan my 'n klomp geld kos om die goed te vervang. Hoe veilig is 'n mens daar," vra hy.

Van der Walt, wat ook aan swembaddens werk, se elmboog en knie is beseer. Hy gaan nie weer terug na die asgat toe nie, sê hy.

Volgens hom is 'n ander man ook aangeval en beroof terwyl hy daar was. Hy sê mense stort nou hul vullis langs die pad op pad na die stortingsterrein omdat hulle te bang is om in te gaan.

Ao. Loraine Earle, polisiewoordvoerder, het die voorval bevestig en gesê niemand is nog in hegtenis geneem nie.

'n Werknemer van Dan Steel, Rickus Scholtz (20) van Fichardtspark, Bloemfontein, is op 20 Junie by die stortingsterrein deur agt mans aangeval toe hy en 'n kollega, Lucky Bopalamo (22), besig was om vullis af te laai.

'n Dag later is nog 'n Bloemfonteiner en sy 16-jarige seun op die stortingsterrein aangeval toe hulle hul huishoudelike vullis daar wou aflaai. Martin Bazeley (55), 'n bestuurder van 'n kettingwinkel, is omstreeks 14:15 met 'n mes teen sy voertuig vasgedruk terwyl sy jongste seun, Ryan, aan sy voete uit die voertuig gesleep is. Sowat agt mans het hom geskop en geslaan omdat hy nie sy selfoon aan hulle wou gee nie.

# Leser maak hart oop



**Tumisang Makgetha, Ishmael Marumo, Sakkie Nkwadipo, Keletso Matjato en Petrus Mzongwane is koerantverkopers wat Volksblad in die suide van Bloemfontein verkoop. 'n Volksblad-leser wat daagliks verby dié vyf ry, het vandeeweek besluit om haar hart oop te maak vir dié mans wat elke oggend vroeg uit die vere is om die koerant in die ysige koue op straat te hê. Die leser wat verkies om anoniem te bly, het baadjies, musse, serpe, sakdoeke, kouse en handskoene ter waarde van R2 000 geskenk om te help om hul oggende 'n bietjie warmer te maak.** Foto: ANDRÉ DAMONS

# Matriekleerling se plan werk

## Groep werk hard, slaap by skool

**Elsje du Toit**

Ondanks vele uitdagings by die huis en in sy omgewing, was Emmanuel Mofammere vasberade om hard in die skool te werk. Hy het daarom 'n studiegroep wat by die skool slaap, begin.

Met 'n gemiddelde van 90% is Emmanuel (19), 'n matriekleerling aan die Lenyora la Thuto-skool in Botshabelo, een van 25 gr. 12-leerlinge wat 'n beurs van die Siyandisa-stigting ontvang het.

Danksy sy vasberadenheid, dissipline en leierskap het hy die studiegroep by sy skool begin wat by die skool slaap, eet en leer.


"Dit mors tyd om huis toe te reis. Daarom het ek met ons skoolhoof gepraat om my te help sodat ons studiegroep somer by die skool kan slaap sodat ons meer tyd agter die boeke kan deurbring."

Emmanuel se ouers is dood toe hy jonger was. Sy voog was aanvanklik baie bekommerd oor sy veiligheid toe hy met die plan om by die skool te slaap vorendag kom.

"Maar toe die uitslae kom, het sy gesien dat dit vrugte afwerp. Sy is baie trots op my."

Hy en ses vriende het in Junie 2016 begin agterbly by die skool en daarna somer by die skool begin slaap.

"Dit het nou al so gegroei dat ons 70 leerlinge is wat by die skool bly en tot laataand vraestelle uitwerk en mekaar help."



**Emmanuel Mofammere (regs) het 'n studiegroep by sy skool begin wat by die skool slaap sodat hulle kan studeer. By hom is die skoolhoof, TK Modupi.** Foto: ELSJE DU TOIT

Die onderwysers maak vir hulle kos en sien toe dat hulle genoeg slaap en betyds vir skool opstaan.

TK Modupi, skoolhoof, sê hy is baie trots op Emmanuel.

"Hy is so 'n gedissiplineerde seun met 'n baie hoë IK. Hy is ons skool se trots."

Emmanuel wil graag volgende jaar astrofisika aan die Universiteit van Kaapstad studeer.

"Ek het in gr. 6 in astronomie begin belang stel. Sedertdien het ek meer daarvoor begin leer en uitgevind. Dit is een van my passies." Sam Moleko, voorsitter van die Siyandisa-stigting, sê deur die beurse wil hulle graag talentvolle swart kinders help om 'n toekoms te bou.

Om vir die beurs te kwalifiseer, moet jy 'n swart Suid-Afrikaner in 'n Vrystaatse skool wees wat 'n gemiddelde van hoër as 85% handhaaf. Die leerling se ouers moet ook van skoolgeld vrygestel wees.

Die beurs sluit in 'n Samsung-tablet met 20 GB se data per maand om 'n tegnologiese leerplatform te skep, skryfbehoeftes en R1 000 vir elke onderskeiding wat die leerling aan die einde van matriek behaal.

**Die Weer** SA Weerdiens [www.weathersa.co.za](http://www.weathersa.co.za) South African Weather Service  
Tel: 083 123 0500 of 082 162

**Kans op reën** min/maks C

Stad	Reën	Min/Maks C
Pretoria	9	6/22
Johannesburg	9	4/20
Klerksdorp	9	3/22
Kroonstad	0	0/21
Vrede	0	3/20
Welkom	0	0/22
Bethlehem	9	-1/20
Upington	19	6/27
Kuruman	9	4/23
Postmasburg	9	5/25
Kimberley	9	1/24
Bloemfontein	9	-1/23
Prieska	9	7/24
De Aar	9	5/22
Colesberg	9	2/20
Aliwal-Noord	9	-3/21
Barkly-Oos	9	4/18

0-10°C 11-15°C 16-20°C 21-25°C 26-30°C 31-35°C 36-40°C Bo 40°C

Son Gedeeltelik bewolk Bewolk Ligte reën Reën Reën met son Donderbui Kanse >50% Kanse <50% Mis Sneeu Windrigting en -snelheid teen 08:00 (km/h)

Sontye	Reisigersgids	Wêreldtemperatuur
Sonop: 07:00	Nelspruit 9/23 George 7/21	Amsterdam 17/21 Londen 15/22
Sonsak: 17:40 (Bloemfontein)	Emalaheni 4/21 Beaufort-Wes 12/27	Athene 23/34 Los Angeles 19/27
	Skukuza 7/27 Port Elizabeth 10/19	Bangkok 27/33 Lusaka 11/21
	Polokwane 6/21 Graaff-Reinet 4/24	Beijing 18/29 Nairobi 11/23
	Musina 10/28 Oos-Londen 13/23	Berlyn 17/24 New York 17/27
	Potchefstroom 1/23 Queenstown 3/23	Chicago 19/25 Parys 18/27
	Springbok 11/26 Durban 14/26	Dublin 11/19 Perth 7/15
	Sutherland -4/22 Richardsbaai 15/26	Harare 8/22 Sydney 13/19
	Kaapstad 10/19 Pietermaritzburg 8/27	Hongkong 29/33 Windhoek 4/23

30 Jul 1ste kwart 7 Aug Volmaan 15 Aug 3de kwart 21 Aug Nuwe maan

WEER29JUL-VB290717